


Vleis wat op beslag gelê is.

Op die plaas van mnr. Markus Jacobs in die Karibib-omgewing het drie verskillende sindikate toegeslaan en tussen nege en twaalf gemsbokke, een sebra en drie stoorosse gestroop. FOTO'S VERSKAF

Boere loop kwaai onder stropers deur, met die waarde van geslagte bees- en vee wat in een omgewing op meer as N$200 000 vir een week staan.

- LANDBOU

# HONDERDE DUISENDE SE VEE, WILD GESTROOP

## Boere kom by hof byeen

**Boere is genoodsaak om sekuriteitsmaatskappye aan te stel om hul vee en wild op te pas, wat op sigself goeie resultate lewer, maar teen 'n prys.**
**Elvira Hattingh**

- 17 URE GELEDE - - 2022-07-26 00:00:00

Boere het gister by die landdroshof op Karibib saamgekom om te probeer verhoed dat borgtog aan vermeende vee- en wildstropers toegestaan word.

Dit volg nadat daar in die week tussen volmaan en 21 Jullie beeste ter waarde van N$135 000, gemsbokke van N$60 000 en sebras van N$9 000 in die omgewing van Otjiwarongo, Karibib en Omaruru gesteel is.

Boonop moes boere nog sowat N$22 000 opdok vir brandstof, wagte en teenstropingseenhede.

In een van die jongste gevalle is vyf verdagtes deur mnr. Rickus Spangenberg van Karibib K9 Academy se span en plaaswerkers vasgetrek.

Spangenberg vertel tydens die week met die "afgaan van die volmaan" moes hy omtrent bontstaan.

"Op die plaas van mnr. Markus Jacobs in die Karibib-omgewing het drie verskillende sindikate toegeslaan en tussen nege en twaalf gemsbokke, een sebra en drie stoorosse oor 'n tydperk van vier dae gestroop," het Spangenberg Sondag aan Republikein vertel.

"Dit is gedoen met behulp van strikke en assegaaie. Taxibestuurders help om die vleis na onderskeidelik Omaruru en Karibib te vervoer."

Hy sê die vyf verdagtes is vasgetrek nadat hulle spore gevind en hulle hulle in die aand gaan

voorlê het. Die skelms is eindelik met behulp van opgeleide honde van die teenstropingseenheid gevang en daar is ook beslag op vleis gelê.

Spangenberg, wat vanaf Gobabis en Aranos tot in die Khomas Hochland werk, of enige plek waar hul dienste benodig word, maak van sowat agt spoorhonde asook 22 teenstropings- of patrolliehonde gebruik, wat hy self oplei.

Hy sê dieselfde nag het hulle ook vermeende stropers in die Otjiwarongo-gebied voorgelê. Dit het beteken hulle het in een nag tussen Otjiwarongo en Karibib beweeg om die verdagtes te vang.

"Volgens een van die stropers word hulle gekontrakteur om die werk te doen.

"Op die toneel by Otjiwarongo is agt pare skoene gevind waarmee hulle die werk doen en dus die boere verwar.

"Dit sluit in sekuriteitskoene, veiligheidskoene, velskoene en tekkies. Verskeie duur slagmesse is ook op die toneel gevind," het hy verduidelik.

VOLMAAN

Hy vertel dat sy teenstropingseenheid by "enkele voorvalle voor die 21ste van die maand, saam met die afgaan van die maan," betrokke was.

"Hierdie is enkele voorvalle, maar boere gaan tans weer swaar gebuk onder diefstal, terwyl min gevalle die nodige blootstelling kry," het hy gesê.

Dit het ook daartoe gelei dat boere die afgelope Dinsdag en gister opnuut by die landdroskantoor op Karibib saamgekom het om vermeende vee- en wilddiewe se borg teen te staan.

Hy vertel voor die 20ste is daar ook by Omaruru drie osse van mnr. Louis Kruger geslag, terwyl nog een met 'n tou weggelei en by die grootpad op 'n voertuig gelaai is.

Die afgelope Woensdagaand is daar op die plaas Die Poort van Japie Jacobs, net buite Otjiwarongo, ook twee osse geslag.

"Die huis is klaarblyklik deur twee verdagtes dopgehou, terwyl vier ander die osse in die kraal gejaag en dit geslag het.

"Net die beste vleis is gevat, die boude en die rugstringe. Die res is gelos om te vrot," het Spangenberg gesê.

Hy sê snags word wagte langs paaie gelos om inligting te versamel of om stropers voor te lê.

SEKURITEIT

Boere word al hoe meer genoodsaak om sekuriteitsfirmas te kry om hul vee en wild op te pas, met baie wat vol lof is vir die werk van teenstropingseenhede soos die van Spangenberg.

Een anonieme boer het vertel dat hy al reeds meer as 20 jaar op sy plaas boer.

"In die eerste 15 jaar was sekuriteit nie nodig nie en daar was ook baie minder mense in die omgewing. Daar is ook baie strenger opgetree teen diegene wat gevang is.

"Vandat daar egter nou sekuriteit op die plaas is, het die diefstal afgeneem. Ek kan net getuig vandat ek sekuriteit hier het, het my probleme met meer as die helfte verminder.

"Dus het ek net lof vir die mense wat ek hier het en vir 'n buurman duisend, wat altyd reg staan om te help," het hy gesê.

– elvira@republikein.com.na